DIE AFRIKANERBOND

Die Atrium, 8ste Vloer, Stanleylaan 41, Aucklandpark ◊ Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 482-1600 ◊ Faks: (011) 726-5877
hoofkantoor@abond.co.za ◊ www.afrikanerbond.co.za
Geregistreer as 'n nie-winsgewende organisasie (Reg no 055-723)

- AFRIKANERBOND BESPREKINGSDOKUMENT – NASIONALE DEMOKRATIESE REWOLUSIE

Onderstaande aanhalings het die deurlopende tema dat daar deurentyd verwys word na "n rewolusie". Baie min van ons dra kennis van die rewolusie waarna verwys word, wat die aard daarvan is en wat die oorsprong is.

> *"We must.intensify the struggle to eliminate the remnants of counter-revolution, which include the DA and a loose coalition of those who want to use state power to block the ANC President's ascendancy to the highest office of the land."* - Julius Malema, ANC Jeugleier, tydens 'n begrafnisdiens in Vredefort in die Vrystaat (13 Julie 2008)
>
> *"Our revolution is in danger; we must declare to defend it till the end."* – Gwede Mantashe, ANC Sekretaris-Genaraal tydens die ANC Jeugliga se konferensie (Junie 2008)
>
> *"For our revolution, and for millions of people I have not seen and will never come across, in defence of my comrades who are victims of unfair treatment and injustice or who are targeted so that they and the revolution is weakened, I am prepared so make the supreme sacrifice. I am prepared to lay down my own life."* Zwelinzima Vavi, Cosatu Sekretaris-generaal (23 Junie 2008)
>
> *"The ANC remained "firmly convinced" of the need to sustain the alliance with the Congress of SA Trade Unions and the SA Communist Party, because the three organisations' shared strategic interest in the national democratic revolution."* – Thabo Mbeki tydens die ANC se nasionale konferensie by Polokwane – (Desember 2007)

****

Gesien teen die emosie rondom pleknaamveranderings, regstellende aksie, grondhervorming en vele meer is dit duidelik dat daar 'n filosofiese raamwerk en agtergrond is wat regeringsbeleid rig. Dít is die Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR).

Die Direksie van die Afrikanerbond het daarom geoordeel dat die tyd nou geleë is om ons lede breedvoerig in te lig oor die Nasionale Demokratiese Rewolusie en het Prof André Duvenhage van Noordwes Universiteit versoek om so 'n besprekingsdokument vir die Afrikanerbond saam te stel. (Besprekingsdokument aangeheg)

DIREKSIE : Prof. PF Theron (Voorsitter); PJ Vorster (Ondervoorsitter); JG Schoeman; dr. C Stander, J Mostert en JPG Bosman (Besturende Direkteur)

In die aanloop tot die finalisering van die dokument vir verspreiding na ons lede het die Direksie sowel as die Nasionale Raad reeds ‘n aanbieding oor die NDR van Prof Duvenhage ontvang en het die Direksie reeds begin met bepaalde aanpassings in ons strategiese aksies en fokus.

VERWAGTINGE:

1) Kennisname van lede van die huidige politieke klimaat
2) Versprei ‘n afskrif van die NDR na elke lid.
3) Bespreek die Nasionale Demokratiese Rewolusie op u eerskomende maandvergadering/s.
    a. Wat is na u mening die NDR se effek op regeringsbeleid in alle sfere van regering?
    b. Hoe kan onder andere die Afrikanerbond sy fokus en aktiwiteite rig tot ‘n suksesvolle teenvoeter vir die NDR?
    c. Identifiseer meningsvormers in u omgewing na wie die besprekingsdokument versprei kan word en stel die dokument tot hulle beskikking. (Skoolhoofde, predikante, landbouleiers, vroueorganisasies, plaaslike koerant redakteurs en andere)
    d. Oorweeg ‘n breë besprekingsgeleentheid oor die NDR in u omgewing met bostaande meningsvormers.
4) Elke afdeling word versoek om u kollektiewe menings, addisionele kommentaar, plaaslike aksiestappe en voorstelle tot verdere aksies voor of op **10 Oktober 2008** aan die Eike te stuur by kommentaar@abond.co.za of P/Sak X45, Aucklandpark, 2006 of na faks (011) 726-5877

Vriendelike groete

Jan Bosman
BESTURENDE DIREKTEUR : AFRIKANERBOND

Datum: 18 Julie 2008